**SKEDULERINGSTATUS** S1

**Be-Tabs Folic Acid 5 mg Tablets**

**Foliensuur**

Bevat suiker: 52,4 mg laktosemonohidraat per tablet

**Lees hierdie hele voubiljet noukeurig deur omdat dit belangrike inligting vir u bevat.**

BE-TABS FOLIC ACID 5 mg TABLETS is sonder ’n dokter se voorskrif vir u beskikbaar om ’n matige siekte te behandel. U moet BE-TABS FOLIC ACID 5 mg TABLETS nogtans versigtig gebruik om die beste resultate daaruit te verkry.

- Hou hierdie blad. Dit mag nodig wees dat u dit weer moet lees.
- Moenie BE-TABS FOLIC ACID 5 mg TABLETS vir enige ander persoon gee nie.
- Vra vir u gesondheidsorgverskaffer of apteker as u nog inligting of raad nodig het.
- U moet ’n dokter konsulteer as u simptome vererger of nie verbeter nie.

Wat in hierdie blad is


1. Wat BE-TABS FOLIC ACID 5 mg TABLETS is en waarvoor dit gebruik word
2. Wat u moet weet voordat u BE-TABS FOLIC ACID 5 mg TABLETS drink
3. Hoe om BE-TABS FOLIC ACID 5 mg TABLETS te drink
4. Moontlike newe-effekte
5. Hoe om BE-TABS FOLIC ACID 5 mg TABLETS te bêre
6. Inhoud van die pak en ander inligting


## 1. Wat BE-TABS FOLIC ACID 5 mg TABLETS is en waarvoor dit gebruik word

Die naam van u medisyne is BE-TABS FOLIC ACID 5 mg TABLETS. Dit bevat foliensuur wat behoort aan ’n groep vitamiene wat “B vitamiene” genoem word. BE-TABS FOLIC ACID 5 mg TABLETS word gebruik om anemie (bloedarmoede) te behandel.

## 2. Wat u moet weet voordat u BE-TABS FOLIC ACID 5 mg TABLETS drink

**Moenie BE-TABS FOLIC ACID 5 mg TABLETS drink nie:**

- as u allergies (hipersensitief) vir prednisoon of vir enige ander bestanddele van BE-TABS FOLIC ACID 5 mg TABLETS (gelys in afdeling 6) is.
- as u pernisieuse anemie het. BE-TABS FOLIC ACID 5 mg TABLETS moet nie as die enigste behandeling van pernisieuse anemie gebruik word nie, aangesien dit nie degenerasie van die rugmurg (subakute gekombineerde degenerasie van die rugmurg) sal voorkom nie.

**Waarskuwings en voorsorgmaatreëls**

**Wees veral versigtig met BE-TABS FOLIC ACID 5 mg TABLETS:**

- as u behandeling vir pernisieuse anemie kry (die produksie van rooibloedselle word aangetas) wat veroorsaak word deur vitamien $B_{12}$-tekort. U sal ander medisyne in kombinasie met BE-TABS FOLIENSUUR 5 mg TABLETS moet gebruik om hierdie toestand te behandel.

**Ander medisyne en BE-TABS FOLIC ACID 5 mg TABLETS**

Sê altyd vir u gesondheidsorgverskaffer as u enige ander medisyne gebruik (waaronder alle aanvullende of tradisionele medisyne).

- anti-epileptika (om epilepsie te behandel) soos fenitoïen, fenobarbitoon, primidoon, natriumvalproaat en karbaamasepien
- antibakteriese middels (om infeksies te behandel) soos trimetopriem, chlooramfenikol en ko-trimoksasool
- sulfasalasien (om ulseratiewe kolitis, Crohn se siekte of rumatoïede artritis te behandel)
- metotreksaat (om Crohn se siekte, psoriase of rumatoïede artritis te behandel)
- litium vir geestesgesondheidsprobleme
- triamtereen, ’n diuretikum (of “waterpil”)
- ’n gas- en lugmengsel om u te laat slaap vir ’n operasie of om pyn te verlig terwyl u wakker is

- alkohol
- aspirien vir pynverligting of om die bloed dun te maak.

**BE-TABS FOLIC ACID 5 mg TABLETS saam met voedsel en drank**

Die gebruik van BE-TABS FOLIC ACID 5 mg TABLETS met kos en drank is nie bepaal nie.

**Swangerskap, borsvoeding en vrugbaarheid**

As u swanger is of borsvoed, dink dat u dalk swanger kan wees of beplan om ’n baba te hê, moet u u dokter, apteker of ander gesondheidsorgverskaffer asseblief om advies raadpleeg voordat hierdie medisyne gebruik word.

**Motorbestuur en gebruik van masjinerie**

BE-TABS FOLIC ACID 5 mg TABLETS sal waarskynlik nie ’n invloed hê op u vermoë om ’n voertuig te bestuur of gereedskap of masjiene te gebruik nie.

**BE-TABS FOLIC ACID 5 mg TABLETS bevat laktosemonohidraat:**

As u dokter vir u gesê het dat u ’n onverdraagbaarheid vir sekere suikers het, moet u u dokter skakel voordat u hierdie medisinale produk gebruik.

**3. Hoe om BE-TABS FOLIC ACID 5 mg TABLETS te drink**

Moenie medisyne wat vir u voorgeskryf is vir enige ander persoon gee nie.

Gebruik BE-TABS FOLIC ACID 5 mg TABLETS altyd presies soos wat in hierdie blad beskryf word of soos wat u dokter of apteker vir u gesê het. Raadpleeg u dokter of apteker as u nie seker is nie.

Die gewone dosis is 400 mcg vir volwassenes en adolessente.

Vir die behandeling van megaloblastiese anemie kan foliensuur per mond gedrink word teen ’n

aanvanklike dosis van 10 tot 20 mg daagliks vir 14 dae; die onderhoudsdosis is 2,5 tot 10 mg.

Vir die voorkoming van megaloblastiese anemie van swangerskap is die gewone dosis 200 tot 500 mcg daagliks.

Praat met u dokter of apteker as u die indruk het dat die effek van BE-TABS FOLIC ACID 5 mg TABLETS te sterk of te swak is.

**As u meer BE-TABS FOLIC ACID 5 mg TABLETS gedrink het as wat u moes**

Raadpleeg u dokter of apteker in geval van oordosering. As nie een beskikbaar is nie, kontak die naaste hospitaal of gifsentrum.

**As u vergeet om BE-TABS FOLIC ACID 5 mg TABLETS te drink**

As u vergeet om ’n dosis te drink, drink dit sodra as wat u onthou en drink die volgende dosis dan op die regte tyd.

**Moenie ’n dubbele dosis drink** om vir ’n vergete dosis op te maak nie.

## 4. Moontlike newe-effekte

**BE-TABS FOLIC ACID 5 mg TABLETS kan newe-effekte veroorsaak.**

Nie al die newe-effekte wat vir BE-TABS FOLIC ACID 5 mg TABLETS aangemeld is, is in hierdie blad opgeneem nie. As u algemene gesondheidstoestand versleg of as u enige newe-effekte ervaar terwyl u BE-TABS FOLIC ACID 5 mg TABLETS drink, moet u u gesondheidsorgverskaffer asseblief om advies raadpleeg.

**Indien enige van die volgende voorkom, moet u ophou om BE-TABS FOLIC ACID 5 mg TABLETS te drink en dadelik vir u dokter sê of na die ongevalle-afdeling van u naaste hospitaal gaan:**

- ’n Allergiese reaksie kan die volgende wees: enige soort veluitslag, afskilferende vel, swere of seer lippe en mond

- In seldsame gevalle kan ’n erge allergiese reaksie (anafilaktiese skok) voorkom wat skielike jeuk van die vel, hyg, fladdering in of toe bors, of ineenstorting kan insluit.

Dit is baie ernstige newe-effekte. As u dit het, kan u ’n ernstige allergiese reaksie op **BE-TABS FOLIC ACID 5 mg TABLETS** gehad het. Dit mag wees dat u dringende mediese aandag of hospitalisasie nodig het.

**Sê vir u dokter as u enige van die volgende opmerk:**

As u enige newe-effekte opmerk wat nie in hierdie blad genoem word nie, moet u u dokter of apteker asseblief in kennis stel.

Newe-effekte wat minder dikwels voorkom:

- verlies aan eetlus
- voel mislik (naarheid)
- winderigheid (winde)
- ’n opgeblase gevoel
- omgekrapte maag

**Aanmeld van newe-effekte**

Praat met u dokter, apteker of verpleegkundige as u newe-effekte kry. U kan newe-effekte ook by SAROG (“SAHPRA”) aanmeld *via* die vorm “**6.04 Adverse Drug Reaction Reporting Form**” wat aanlyn by SAHPRA se publikasies gekry kan word: https://www.sahpra.org.za/Publications/Index/8. Deur newe-effekte aan te meld, kan u help om meer inligting oor die veiligheid van BE-TABS FOLIC ACID 5 mg TABLETS te gee.

**5. Hoe om BE-TABS FOLIC ACID 5 mg TABLETS te bêre**

Bêre in ’n koel, droë plek, by of onder 25°C en beskerm teen lig.

Hou alle medisyne buite bereik van kinders.

Bêre in die oorspronklike verpakking.

Moenie na die vervaldatum op die etiket gebruik nie.

Gee alle ongebruikte medisyne terug aan u apteker.

Ongebruikte medisyne moet nie in dreinering- of rioolstelsels (bv. toilette) gegooi word nie.

**6. Inhoud van die pak en ander inligting**

**Wat BE-TABS FOLIC ACID 5 mg TABLETS bevat**

- Die aktiewe bestanddeel is foliensuur.
- Die ander bestanddele is laktosemonohidraat, magnesiumstearaat, mikrokristallyne sellulose en mieliestysel.

**Hoe BE-TABS FOLIC ACID 5 mg TABLETS lyk en die inhoud van die pakkie**

Wit-oranje tablet van 5,5 mm in deursnee met ’n breeklyn aan die een kant.

**Inhoud van die pak:**

In bottels met 28, 100, 500, 1000, 5000 of 10 000 tablette. Pakke van verskillende pakgroottes reg vir die pasiënt.

**Houer van registrasiesertifikaat**

Ranbaxy Pharmaceuticals (Edms) Bpk

Lautreweg 14

Stormill, Uitbr. 1

Roodepoort, 1724

Suid-Afrika

**Hierdie blad is laas hersien in**

21 Oktober 2022

**REGISTRASIENOMMER**

T1205 (Wet101 / 1965) (S.A.)

| |
|---|
| S2 BOT 0500769 (Botswana Reg.No.) (1000 en 5000 tablette) |